



Western Cape Government • Wes-Kaapse Regering

PROVINCE OF WESTERN CAPE

PROVINSIE WES-KAAP

Provincial Gazette

Provinsiale Koerant

8214

8214

Friday, 6 March 2020

Vrydag, 6 Maart 2020

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuisblad by die Poskantoor Geregistreer

CONTENTS

INHOUD

(*Reprints are obtainable at Room M12, Provincial Legislature Building, 7 Wale Street, Cape Town 8001.)

(*Herdrukke is verkrygbaar by Kamer M12, Provinsiale Wetgewing-gebou, Waalstraat 7, Kaapstad 8001.)

No.	Page
Provincial Notices	
18 Western Cape Gambling and Racing Board: Call for Comment on Applications to Serve on Western Cape Gambling and Racing Board.....	138
Tenders:	
Notices.....	141
Local Authorities	
Beaufort West Municipality: Removal of Restrictions	141
Bergrivier Municipality: Consent Use	147
Bergrivier Municipality: Rezoning and Consent Use	145
Bergrivier Municipality: Subdivision, Rezoning and Consolidation	146
Brede Valley Municipality: Removal of Restrictions and Departure	148
Brede Valley Municipality: Removal of Restrictions, Consent Use and Departure	151
Brede Valley Municipality: Removal of Restrictions	146
City of Cape Town: Removal of Conditions	141
City of Cape Town: Removal of Conditions	148
City of Cape Town (Tygerberg District): Closure	144
Mossel Bay Municipality: Closure	150
Overstrand Municipality: Removal of Restrictions	141
Stellenbosch Municipality: Removal of Restrictions	147
Stellenbosch Municipality: Removal of Restrictions	148
Swartland Municipality: Subdivision, Amendments, Deletion and Consent Use	142
Theewaterskloof Municipality: Closure, Subdivision, Rezoning and Departure	149

Nr.	Bladsy
Provinsiale Kennisgewings	
18 Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne: Versoek vir Kommentaar Rakende die Aansoeke om op die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne te dien	139
Tenders:	
Kennisgewings	141
Plaaslike Owerhede	
Beaufort-Wes Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings	141
Bergrivier Munisipaliteit: Vergunningsgebruik	147
Bergrivier Munisipaliteit: Hersonerings en Vergunningsgebruik ..	145
Bergrivier Munisipaliteit: Onderverdeling, Hersonerings en Konsolidasie	146
Bredevallei Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings en Afwyking	148
Bredevallei Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings, Vergunningsgebruik en Afwyking	151
Bredevallei Munisipaliteit: Removal of Restrictions (English only).....	146
Stad Kaapstad: Opheffing van Voorwaardes	141
Stad Kaapstad: Opheffing van Voowaardes	148
Stad Kaapstad (Tygerberg-Distrik): Sluiting	144
Mosselbaai Munisipaliteit: Sluiting	150
Overstrand Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings	141
Stellenbosch Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings	147
Stellenbosch Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings	148
Swartland Munisipaliteit: Onderverdeling, Wysigings, Skrapping en Vergunningsgebruik	143
Theewaterskloof Munisipaliteit: Sluiting, Onderverdeling, Hersonerings en Afwyking	149

PROVINCIAL NOTICE

The following Provincial Notice is published for general information.

MR H.C. MALILA,
DIRECTOR-GENERAL

Provincial Legislature Building,
Wale Street,
Cape Town.

PROVINSIALE KENNISGEWING

Die volgende Provinsiale Kennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

MNR H.C. MALILA,
DIREKTEUR-GENERAAL

Provinsiale Wetgewer-gebou,
Waalstraat,
Kaapstad.

ISAZISO SEPHONDO

Esi saziso silandelayo sipapashelwe ukunika ulwazi ngokubanzi.

MNU H.C. MALILA,
MLAWULI-JIKELELE

ISakhiwo sePhondo,
Wale Street,
eKapa.

PROVINCIAL NOTICE

P.N. 18/2020

6 March 2020

WESTERN CAPE GAMBLING AND RACING BOARD**CALL FOR COMMENT ON APPLICATIONS TO SERVE ON WESTERN CAPE GAMBLING AND RACING BOARD**

Applications were received from the following candidates for appointment to the Western Cape Gambling and Racing Board in respect of vacancies advertised:

- Mr Appolis, Joseph – 22 First Avenue, Ravensmead, 7493
- Dr Du Plessis, Dirk Prieur – 1 Dundas Street, De Zalze Estate, Stellenbosch, 7600
- Ms Fani, Chuma – 15 Iris Way, Macassar, Somerset West, 7130
- Mr Lakay, David Trevor – 34 Le Sage Way, Edgemoed, 7441
- Ms Magazi, Noluyolo – Unit A3 Hampton Place, Stepney End, Parklands, 7441
- Mr Philander, Claude Peter Manuel – No 4 Mignon Road, Diep River, 7945
- Mr Thango, Mfundo Wiseman – 1 Champion Place, Durban North, KwaZulu-Natal, 4051
- Ms Venter, Lizanne – 6 Hazell Road, Somerset West, 7130
- Dr Voges, Pierre – 03 Norton, 18 Ines Street, Sea Point, 8001

The Board is an independent statutory body instituted in terms of the Western Cape Gambling and Racing Act. Its main objective is to control and regulate all gambling and racing activities in the Province, to collect all relevant taxes, levies, duties, fees and penalties and to conduct ongoing research into gambling and racing.

In terms of Section 4 of the Act, in order to be eligible for appointment as a member of the Board, a person shall:

- (a) be a natural person;
- (b) have attained the age of twenty-five years;
- (c) be a citizen of the Republic and ordinarily reside in the Province;
- (d) be a fit proper person whose character, integrity, honesty, prior conduct, reputation, habits and associations are beyond reproach;
- (e) be of good financial standing; and
- (f) not be disqualified in terms of Section 5 of the Act.

In terms of Section 5 of the Act, the following persons shall be disqualified from being appointed to the Board:

- (a) anyone who has been convicted of an offence relating to gambling or racing;
- (b) anyone who has been convicted of an offence relating to dishonesty;
- (c) an unrehabilitated insolvent or anyone who is subject to any legal disability;
- (d) anyone who has been removed from any office of trust on account of misconduct or dishonesty;
- (e) any political office-bearer; and
- (f) anyone who, whether personally or through his or her spouse, an immediate family member, a partner or an associate or any person connected to such persons by marriage—
 - (i) has or acquires any interest in any gambling business or activity, or
 - (ii) has any interest in any business or enterprise that may conflict or interfere with the proper performance of his or her duties.

Any person who has any objections to or comments on the appointment of anyone of the above-mentioned persons to the Board, should submit their comments in writing to the Accounting Officer: Provincial Treasury (for attention Ms C Horton) at Legislature Building, 3rd Floor, Room W3-07, 15 Wale Street, (Private Bag X9165), Cape Town, 8000, e-mail: Claire.Horton@westerncape.gov.za and should reach her by no later than **15:00 on 27 March 2020**.

[The criteria to be utilized to determine whether an applicant is ordinarily resident in the Province is available on request from Provincial Treasury.]

PROVINSIALE KENNISGEWING

P.K. 18/2020

6 Maart 2020

WES-KAAPSE RAAD OP DOBBELARY EN WEDRENNE

VERSOEK VIR KOMMENTAAR RAKENDE DIE AANSOEKE OM OP DIE WES-KAAPSE RAAD OP DOBBELARY EN WEDRENNE TE DIEN

Aansoeke is van die volgende kandidate ontvang vir aanstelling op die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne ten opsigte van vakatures geadverteer:

- Mnr Appolis, Joseph – Eerste Laan 22, Ravensmead, 7493
- Dr Du Plessis, Dirk Prieur – Dundasstraat 1, De Zalze-landgoed, Stellenbosch, 7600
- Me Fani, Chuma – Iris Weg 15, Macassar, Somerset Wes, 7130
- Mnr Lakay, David Trevor – Le Sage Weg 34, Edgemead, 7441
- Me Magazi, Noluyolo – Unit A3 Hampton Place, Stepney End, Parklands, 7441
- Mnr Philander, Claude Peter Manuel – Mignon Pad No 4, Dieprivier, 7945
- Mnr Thango, Mfundo Wiseman – 1 Champion Place, Durban-Noord, KwaZulu-Natal, 4051
- Me Venter, Lizanne – Hazell Pad 6, Somerset Wes, 7130
- Dr Voges, Pierre – 03 Norton, Inesstraat 18, Seepunt, 8001

Die Raad is 'n onafhanklike statutêre liggaam wat ingevolge die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne ingestel is. Die hoofmerk van die Raad is om alle aktiwiteite met betrekking tot dobbelary en wedrenne in die Provinsie te beheer en reguleer, om alle relevante belastings, heffings, belastingregte, gelde en boetes in te vorder en om deurlopend navorsing te doen op die terrein van dobbelary en wedrenne.

Ingevolge Artikel 4 van die Wet, ten einde bevoeg te wees vir aanstelling as 'n lid van die Raad moet 'n persoon:

- (a) 'n natuurlike persoon wees;
- (b) die ouderdom van vyf-en-twintig jaar bereik het;
- (c) 'n burger van die Republiek wees en normaalweg in die Provinsie woonagtig wees;
- (d) 'n geskikte en gepaste persoon wees wie se karakter, integriteit, eerlikheid, vorige gedrag, reputasie, gewoontes en verbintenisse bo verdenking staan;
- (e) goeie kredietwaardigheid hê; en
- (f) nie ingevolge Artikel 5 van die Wet gediskwalifiseer wees nie.

Ingevolge Artikel 5 van die Wet, sal die volgende persone gediskwalifiseer word om as lede van die Raad aangestel te word:

- (a) enigeen wat skuldig bevind is aan 'n misdryf wat met dobbelary en wedrenne verband hou;
- (b) enigeen wat skuldig bevind is aan 'n misdryf wat oneerlikheid behels;
- (c) 'n insolvente persoon wat nie gerehabiliteer is nie of enigeen wat onderhewig is aan enige handelsonbevoegdheid;
- (d) enigeen wat uit enige vertrouenspos ontslaan was as gevolg van wangedrag of oneerlikheid;
- (e) enige politieke ampsdraer; en
- (f) enigeen wat, hetsy persoonlik of deur middel van sy of haar gade, 'n direkte familielid, 'n vennoot of 'n medewerker of enige aangetroude familie van sodanige persoon—
 - (i) enige belang het of verkry in enige dobbelarybesigheid of—aktiwiteit, of
 - (ii) enige belang het in enige besigheid of onderneming wat strydig kan wees of kan inmeng met die behoorlike uitvoering van sy of haar pligte.

Enige persoon wat kommentaar op, of beswaar teen enige van die bogemelde persone se aanstelling tot die Raad het, word versoek om hul skriftelike kommentaar aan die Rekenpligtige Beampte: Provinsiale Tesourie (vir aandag Me C Horton), Provinsiale Wetgewergebou, 3de Vloer, Kamer W3-07, Waalstraat 15, (Privaatsak X9165), Kaapstad, 8000, e-pos: Claire.Horton@westerncape.gov.za, te rig en moet verseker dat sodanige beswaar of kommentaar haar nie later nie as **15:00 op 27 Maart 2020** bereik.

[Die kriteria om te bepaal of 'n aansoeker gewoonlik in die Provinsie woonagtig is, is by die Provinsiale Tesourie beskikbaar op aanvraag.]

ISAZISO SEPHONDO

I.S. 18/2020

6 kweyoKwindla 2020

WESTERN CAPE GAMBLING AND RACING BOARD**ESI SISIMEMO SOKUBA KUVAKALISWE IZIMVO NGEZIZICELO ZOBULUNGU KWIBHODI YONGCAKAZO NEMIDYARHO YENTSHONA KOLONI**

Kuye kwafunyanwa aba balandelayo njengabatyunjwa okanye nabafaki-zicelo kwiBhodi yoNgcakazo Nemidyarho yaseNtshona Koloni malunga nemisebenzi esasaziweyo.

- Mnu. Appolis, Joseph – 22 First Avenue, Ravensmead, 7493
- Gqirha Du Plessis, Dirk Prieur – 1 Dundas Street, De Zalze Estate, Stellenbosch, 7600
- Nkszn. Fani, Chuma – 15 Iris Way, Macassar, Somerset West, 7130
- Mnu. Lakay, David Trevor – 34 Le Sage Way, Edgemead, 7441
- Nkszn. Magazi, Noluyolo – Unit A3 Hampton Place, Stepney End, Parklands, 7441
- Mnu. Philander, Claude Peter Manuel – No 4 Mignon Road, Diep River, 7945
- Mnu. Thango, Mfundo Wiseman – 1 Champion Place, Durban North, KwaZulu-Natal, 4051
- Nkszn. Venter, Lizanne – 6 Hazell Road, Somerset West, 7130
- Gqirha Voges, Pierre – 03 Norton, 18 Ines Street, Sea Point, 8001

Le Bhodi sisigqeba esizimeleyo esibekwe ngokwemiqathango eyenziwe phantsi koMthetho woNgcakazo neMidyarho yeNtshona Koloni. Eyona njongo yayo iphambili kukulawula lonke ungcakazo nemidyarho apha kweli Phondo, ukuqokelela zonke iirhafu ezifanelekileyo, iintlawulo, imirhumo neemali, zohlwayo kwakunye nokuqhuba uphando oluqhutywayo malunga nongcakazo nemidyarho.

NgokweCandelo 4 loMthetho, ukuze umntu afaneleke ukuba angatyunjwa njengelungu leBhodi kufuneka:

- (a) Kufuneka abe ngumntu wokwenene;
- (b) abe uwagqibile amashumi amabini anesihlanu eminyaka ubudala;
- (c) abe ngumntu walapha eMzantsi Afrika kwaye abe nguye nommi weli Phondo;
- (d) abe ngumntu ofanelekileyo nonentsulungeko ngokwesimo sakhe, nokwenkcubeko-ngqondo, ngokunyaniseka, ngokwendlela abesoloko eziphethe ngayo, ngokwegama analo, nangokweendawo nabantu azibandakanya nabo;
- (e) abe akekho sezingxakini ngokwasezimalini;
- (f) kungabikho sizathu simenza angafaneleki ngokweCandelo 5 loMthetho.

NgokweCandelo 5 loMthetho aba bantu balandelayo abayi kufaneleka ukuba batyunjwe kule Bhodi:

- (a) umntu owayekhe wagwetyelwa ityala elinento yokwenza nongcakazo okanye nemidyarho;
- (b) umntu owakhe wagwetyelwa ityala elinxumelene nokunganyaniseki;
- (c) umntu obhengezwe njengo sematyaleni yinkundla yomthetho okanye umntu ongekho selungelweni lokwenza isivumelwano esisemthethweni;
- (d) umntu owathi wasuswa esikhundleni esifuna intembeko awayekuso ngenxa yokuziphatha kakubi okanye ukungathembeki;
- (e) umntu onesikhundla anaso ngakwezopolitiko;
- (f) nabani na, yena okanye lowo ongumlingane wakhe, ilungu losapho lwakhe, ihlakani okanye lomntu onxulumene naye ngokomtshato—
 - (i) ochaphazelekayo kwishishini longcakazo okanye imidyarho,
 - (ii) okanye ochaphazelekayo kwishishini elinokuthi lingahambelani nalo msebenzi wakhe njengelungu lale Bhodi, okanye lenze kube nzima ukuba akwazi ukuwenza kakuhle nangokuphumeleleyo umsebenzi wakhe wobulungu.

Nabani na ofuna ukufaka isichaso okanye ukuvakalisa izimvo ngoku- tyunjwa kwakhe nawuphi na umntu kuleBhodi, makathumele izimvo ngokubhalela ku: Accounting Officer: Provincial Treasury (yithumele ku Nkszn. C Horton) kumgangatho we 3, Room W3-07, Legislature Building, 15 Wale Street, (Private Bag X9165), Cape Town, 8000, idilesi ye-imeyile Claire.Horton@westerncape.gov.za ungalulanga umhla we **27 eyoKwindla 2020 phambi kwentsimbi yesithathu.**

[Indlela ezakutyenziswa ukubonisa ukuba umfaki sicelo ngumntu kweliPhondo iyafumaneka ngesicelo kuNondyebo wePhondo.]

TENDERS

N.B. Tenders for commodities/services, the estimated value of which exceeds R20 000, are published in the Government Tender Bulletin, which is obtainable from the Government Printer, Private Bag X85, Pretoria, on payment of a subscription.

NOTICES BY LOCAL AUTHORITIES**CITY OF CAPE TOWN****CITY OF CAPE TOWN MUNICIPAL PLANNING
BY-LAW, 2015**

Notice is hereby given in terms of the requirements of section 48(5)(a) of the City of Cape Town Municipal Planning By-Law, 2015 that the City has on application by Messrs First Plan Town and Regional Planners removed conditions as contained in Title Deed No. T21246/2004 in respect of Erf 67, BAKKERSHOOGTE in the following manner:

Removed condition: C4(a)-(d)

6 March 2020

20105

BEAUFORT WEST MUNICIPALITY**Notice No. 56/2020****REMOVAL OF RESTRICTIVE CONDITIONS:
ERF 2751, 10 THWAIT STREET: BEAUFORT WEST**

Notice is hereby given in terms of Section 33(6) of the By-law on Municipal Land Use Planning for Beaufort West that the Authorised Official in terms of Section 60 of the aforesaid By-law on 20 January 2020 removed title conditions E.7.(i) + (ii), applicable to erf 2751, Beaufort West as stipulated in Title Deed T22535/2019.

K.J. Haarhoff

Municipal Manager

Municipal Offices, 112 Donkin Street, Beaufort West 6970

Ref. No. 12/4/6/3/2; 12/4/1; Erf 2751 Beaufort-West

6 March 2020

20106

OVERSTRAND MUNICIPALITY**REMOVAL OF RESTRICTIVE
TITLE DEED CONDITION: ERF 193,
FRANSKRAALSTRAND****OVERSTRAND MUNICIPALITY BY-LAW ON MUNICIPAL
LAND USE PLANNING, 2015**

Notice is hereby given in terms of Section 35(1) of the Overstrand Municipality By-law on Municipal Land Use Planning, 2015, that the Authorised Employee has removed Clause C.4.(d) contained in Deed of Transfer T21164/1992 applicable to Erf 193, Franskraal.

Municipal Manager, Overstrand Municipality, P.O. Box 20,
HERMANUS, 7200

Municipal Notice: 34/2020

6 March 2020

20112

TENDERS

L.W. Tenders vir kommoditeite/dienste waarvan die beraamde waarde meer as R20 000 beloop, word in die Staatstenderbulletin gepubliseer wat by die Staatsdrukker, Privaatsak X85, Pretoria, teen betaling van 'n intekengeld verkrygbaar is.

KENNISGEWINGS DEUR PLAASLIKE OWERHEDE**STAD KAAPSTAD****STAD KAAPSTAD: VERORDENING OP MUNISIPALE
BEPLANNING, 2015**

Kennis geskied hiermee ingevolge die vereistes van artikel 48(5)(a) van die Stad Kaapstad: Verordening op Munisipale Beplanning, 2015 dat die Stad na aanleiding van 'n aansoek deur First Plan Stads- en Streeksbeplanners die voorwaardes soos vervat in titelakteno. T21246/2004, ten opsigte van Erf 67 BAKKERSHOOGTE, soos volg opgehef het:

Voorwaarde opgehef: C4(a)-(d)

6 Maart 2020

20105

BEAUFORT-WES MUNISIPALITEIT**Kennisgewing Nr. 56/2020****OPHEFFING VAN BEPERKENDE TITELVOORWAARDES:
ERF 2751, THWAITSTRAAT 10: BEAUFORT-WES**

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 33(6) van die Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning vir Beaufort-Wes Munisipaliteit dat die Gematigde Beampte ingevolge Artikel 60 van voormelde verordening op 20 Januarie 2020, titelvoorwaardes E.7.(i) + (ii) vervat in Titelakte T22535/2019, van toepassing op erf 2751, Beaufort-Wes, opgehef het.

K.J. Haarhoff

Munisipale Bestuurder

Munisipale Kantore, Beaufort-Wes 6970 Donkinstraat 112,

Verw. Nr. 12/4/6/3/2; 12/4/1; Erf 2751 Beaufort-West

6 Maart 2020

20106

OVERSTRAND MUNISIPALITEIT**OPHEFFING VAN BEPERKENDE
TITELAKTEVOORWAARDE: ERF 193,
FRANSKRAALSTRAND****OVERSTRAND MUNISIPALITEIT VERORDENING VIR
MUNISIPALE GRONDGEBRUIKBEPLANNING, 2015**

Kennis word hiermee gegee ingevolge Artikel 35(1) van die Overstrand Munisipaliteit Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2015, dat die Gemagtigde Amptenaar Voorwaarde C.4.(d) soos vervat in Titelakte T21164/1992 van toepassing op Erf 193, Franskraalstrand, opgehef het.

Munisipale Bestuurder, Overstrand Munisipaliteit, Posbus 20,
HERMANUS, 7200

Munisipale Kennisgewing: 34/2020

6 Maart 2020

20112

SWARTLAND MUNICIPALITY

NOTICE 63/2019/2020

PROPOSED SUBDIVISION, AMENDMENT OF SITE DEVELOPMENT PLAN, AMENDMENT, DELETION OF CONDITIONS OF APPROVAL AND CONSENT USE ON ERVEN 11203, 327 AND 2654, MALMESBURY

<i>Applicant:</i>	Integrated Development solutions, 6 Collings Road, Oostersee, 7500. Tel no. 021-9303723
<i>Owner:</i>	Erf 11203 – De Grendel Estate. PO Box 28, Malmesbury, 7299. Tel nr. 083 285 7247 Erf 327 – Swartland Municipality, Private Bag X52, Malmesbury, 7299. Tel nr. 022-4879400 Erf 2654 – Malmesbury Agricultural Association, PO Box 325, Malmesbury, 7299
<i>Reference number:</i>	15/3/6-8/Erf_11203,327,2654 15/3/10-8/Erf_11203,327,2654
<i>Property Description:</i>	Erven 11203, 327, 2654, Malmesbury
<i>Physical Address:</i>	Portions of land directly north from Malmesbury show grounds between Piketberg Road and the N7.

Detailed description of proposal:

An application for the subdivision of erf 11203, Malmesbury in terms of section 25(2)(d) of Swartland Municipality: By-law on Municipal Land Use Planning (PG 7741 of 3 March 2017), has been received. It is proposed that erf 11203 (10 ha in extent) be subdivided as follows:

- Portion 1: Business Zone 1 (Small business and overflow parking—±5256m² in extent)
- Portion 2: Business Zone 1 (Small business centre— ±45119m² in extent)
- Portion 3: Business Zone 1 (Institutional for a hospital—±24377m² in extent)
- Portion 4: Business Zone 1 (Extended/Overflow small business—±11838m² in extent)
- Portion 5: Business Zone 1 (Offices and consultation rooms—±4940m² in extent)
- Portion 6: Business Zone 1 (Car dealer usage—±5536m² in extent)
- Portion 7: Business Zone 1 (Restaurant drive through—±2934m² in extent)

An application for the subdivision of erf 2654, Malmesbury in terms of section 25(2)(d) of Swartland Municipality: By-law on Municipal Land Use Planning (PG 7741 of 3 March 2017), has been received. It is proposed that erf 2654 (10,3049 ha in extent) be subdivided as follows:

- Remainder Show grounds— ±94783m² in extent
- Portion 1: Public road— ±7782m² in extent
- Portion 2: Utility services—±321m² in extent

An application for the subdivision of erf 327, Malmesbury in terms of section 25(2)(d) of Swartland Municipality: By-law on Municipal Land Use Planning (PG 7741 of 3 March 2017), has been received. It is proposed that erf 327) be subdivided as follows:

- Portion 1: Potential land swop—±4355m² in extent)
- Portion 2: Public road— ±5597m² in extent)

An application for the amendment of the existing site development plan, as well as the amendment and deletion of existing conditions of approval with regard to the rezoning and subdivision of the remainder of farm 969, division Malmesbury and erven 2654, 9215 and 327, Malmesbury in terms of section 25(2)(h) of the Swartland Municipality: By-Law on Municipal Land Use Planning (PG 7741 of 3 March 2017) has been received.

An application for a consent use on erf 11203, Malmesbury in terms of section 25(2)(o) of Swartland Municipality: By-law on Municipal Land Use Planning (PG 7741 of 3 March 2017) has been received.

The following consent uses are proposed:

- Institution (private hospital)
- Diensstasie (car dealer)
- Place of entertainment (theatre)
- Car wash
- Liquor shop
- Place of assembly

The purpose of the application is to amend the existing land use rights for a mall and to re-arrange the relevant land units. The reason for this is that the existing approved development has been reduced to only 10 ha.

Notice is hereby given in terms of section 55(1) of the By-law on Municipal Land Use Planning that the abovementioned application has been received and is available for inspection from Monday to Thursday between 08:00–13:00 and 13:45–17:00 and Friday 08:00–13:00 and 13:45–15:45 at the Department Development Services, office of the Senior Manager: Built Environment, Municipal Office, Church Street, Malmesbury. **Any written comments whether an objection or support may be addressed in terms of section 60 of the said legislation to The Municipal Manager, Private Bag X52, Malmesbury, 7299/Fax – 022-487 9440/e-mail – swartlandmun@swartland.org.za on or before 6 April 2020 at 17:00, quoting your name, address or contact details as well as the preferred method of communication, interest in the application and reasons for comments.** Telephonic enquiries can be made to the town planning division (Alwyn Burger or Herman Olivier) at 022-487 9400. The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date. Any person who cannot write will be assisted by a municipal official by transcribing their comments.

J J SCHOLTZ Municipal Manager
Municipal Office, Church Street, MALMESBURY 7300

SWARTLAND MUNISIPALITEIT

KENNISGEWING 63/2019/2020

VOORGESTELDE ONDERVERDELING, WYSIGING VAN 'N TERREINONTWIKKELINGSPLAN, WYSIGING EN SKRAPPING VAN GOEDKEURINGSVOORWAARDES EN VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERWE 11203, 327 EN 2654, MALMESBURY

<i>Aansoeker:</i>	Integrated Development Solutions, 6 Collings Road, Oostersee, 7500. Tel no. 021-9303723
<i>Eienaar:</i>	Erf 11203 – De Grendel Landgoed, Posbus 28, Malmesbury, 7299. Tel no. 0832857247 Erf 327 – Swartland Munisipaliteit, Privaatsak X52, Malmesbury, 7299. Tel no 022-4879400 Erf 2654 – Malmesbury Landbougenootskap, Posbus 325, Malmesbury, 7299
<i>Verwysingsnommer:</i>	15/3/6-8/Erf_11203, 327, 2654 15/3/10-8/Erf_11203, 327, 2654
<i>Eiendomsbeskrywing:</i>	Erwe 11203, 327, 2654, Malmesbury
<i>Fisiese Adres:</i>	Gedeeltes grond direk Noord van Malmesbury skougronde tussen Piketbergweg en die N7

Volledige beskrywing van aansoek:

Aansoek vir die onderverdeling van erf 11203, Malmesbury ingevolge artikel 25(2)(d) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 7741 van 3 Maart 2017), is ontvang. Dit word voorgestel dat erf 11203 (groot 10 ha) onderverdeel word soos volg:

- Gedeelte 1: Sakesone 1 (Kleinhandel & oorvloeiparkering groot ±5256m²)
- Gedeelte 2: Sakesone 1 (Kleinhandelsentrum groot ±45119m²)
- Gedeelte 3: Sakesone 1 (Institusioneel vir 'n hospitaal groot ±24377m²)
- Gedeelte 4: Sakesone 1 (Uitgebreide/Buite Kleinhandel groot ±11838m²)
- Gedeelte 5: Sakesone 1 (Kantore en/of konsultasiekamers groot ±4940m²)
- Gedeelte 6: Sakesone 1 (Motorhandelaar gebruik groot ±5536m²)
- Gedeelte 7: Sakesone 1 (Restaurant deur-rye groot ±2934m²)

Aansoek vir die onderverdeling van erf 2654, Malmesbury ingevolge artikel 25(2)(d) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 7741 van 3 Maart 2017), is ontvang. Dit word voorgestel dat erf 2654 (groot 10,3049 ha) onderverdeel word soos volg:

- Restant (Skougronde groot ±94783m²)
- Gedeelte 1 (Publieke pad groot ±7782m²)
- Gedeelte 2 (Nutdiens groot ±321m²)

Aansoek vir die onderverdeling van erf 327, Malmesbury ingevolge artikel 25(2)(d) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 7741 van 3 Maart 2017), is ontvang. Dit word voorgestel dat erf 327 onderverdeel word soos volg:

- Restant (Meentgrond)
- Gedeelte 1 (Potensiële grondruiling groot ±4355m²)
- Gedeelte 2 (Publieke pad groot ±5597m²)

Aansoek vir die wysiging van n bestaande terreinontwikkelingsplan, asook wysiging en skraping van bestaande goedkeuringsvoorwaardes rakende die hersonering en onderverdeling van die restant plaas 696, Afdeling Malmesbury en erwe 2654, 9215 & 327, Malmesbury ingevolge artikel 25(2)(h) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 7741 van 3 Maart 2017), is ontvang.

Aansoek vir vergunningsgebruik op erf 11203, Malmesbury ingevolge artikel 25(2)(o) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 7741 van 3 Maart 2017), is ontvang. Die volgende vergunningsgebruik word voorgestel:

- Inrigting (privaat hospitaal)
- Diensstasie (motorhandelaar)
- Plek van vermaak (teater)
- Motorwassery
- Drankwinkel
- Plek van samekoms

Die doel van hierdie aansoek is om die bestaande grondgebruiksregte vir n streekswinkelsentrum te wysig en die betrokke grondeenhede te her-rangskik. Die rede hiervoor is dat die bestaande goedgekeurde ontwikkeling verklein het na 10 ha.

Kennis word hiermee gegee ingevolge artikel 55(1) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruiksbeplanning dat bogenoemde aansoek ontvang is en beskikbaar is vir inspeksie vanaf Maandag tot Donderdag tussen 08:00–13:00 en 13:45–17:00 en Vrydag 08:00–13:00 en 13:45–15:45 by Department Ontwikkelingsdienste, kantoor van die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing, Munisipale Kantoor, Kerkstraat, Malmesbury. Enige skriftelike kommentaar hetsy n beswaar of ondersteuning kan ingevolge artikel 60 van genoemde wetgewing aan Die Munisipale Bestuurder, Privaatsak X52, Malmesbury, 7299/Faks 022-487 9440/e-pos swartlandmun@swartland.org.za gestuur word voor of op **6 April 2020 om 17:00. Die kommentaar moet asseblief u naam, adres en kontakbesonderhede asook die voorkeurwyse waarop daar met u gekommunikeer moet word aandui, sowel as u belang by die aansoek asook redes vir u kommentaar.** Telefoniese navrae kan gerig word aan die stadsbeplanningsafdeling (Alwyn Burger of Herman Olivier) by 022-487 9400. Die Munisipaliteit mag kommentaar wat na die sluitingsdatum ontvang word weier. Persone wat nie kan skryf nie sal deur n munisipale amptenaar bygestaan word om hulle kommentaar op skrif te stel.

J J SCHOLTZ Munisipale Bestuurder

Munisipale Kantoor, Kerkstraat 1, MALMESBURY 7300

CITY OF CAPE TOWN (TYGERBERG DISTRICT)

Closure

- Portions of Vineyard Road adjoining Erven 183–185, 318–321, 323–326 and 329–330 Burgundy

Notice is hereby given in terms of Section 4 of the City of Cape Town Immovable Property By-Law 2015 that portions of Vineyard Road adjoining erven 183–185, 318–321, 323–326 and 329–330 Burgundy, are closed.

SG Ref. No.: CAPE 1517 v.1 p281

LUNGELO MBANDAZAYO
CITY MANAGER

STAD KAAPSTAD (TYGERBERG-DISTRIK)

Sluiting

- Gedeeltes van Vineyardstraat aanliggend Erwe 183–185, 318–321, 323–326 en 329–330 Burgundy

Kennis geskied hiermee kragtens Artikel 4 van die Stad Kaapstad se Verordening op Onroerende Eiendom, 2015 dat gedeeltes van Vineyardstraat aanliggend erwe 183–185, 318–321, 323–326 en 329–330 Burgundy, gesluit is.

LG Verw. Nr.: CAPE 1517 v.1 p281

LUNGELO MBANDAZAYO
STADSBESTUURDER

(R S A)

Tel: (021) 465 4711

Fax: (021) 465 3008

SURVEYOR GENERAL-WESTERN CAPE
PRIVATE BAG X9028
CAPE TOWN
8000

NEIL SPENCER & ASSOCIATES
PROFESSIONAL LAND SURVEYORS
P.O BOX 576
GOODWOOD
7459

2020-02-25

MY REF: CAPE 1517 v.1 p281

Your ref: Dated: 2019-02-18

FINAL CERTIFICATE

CLOSURE OF PORTIONS OF VINEYARD ROAD ADJOINING ERVEN 183-185; 318-321, 323-326 and 329-330 BURGUNDY

It is hereby certified that all my requirements in regard to the above have been met.

NB:

When submitting the final closure notice in terms of Section 43(1)(f) of LUPA ACT 3/2014 OR Section 4 of the City Of Cape Town Immovable Property By-Law 2015 to the Director of Local Government, it must be accompanied by a copy of this certificate. Failure to do so, will lead to the refusal by the Director to publish the notice.

To expedite this matter please notify me after the final notice of closure has appeared in the Official Gazette or has been advertised in the local media.

The wording must be strictly in accordance with the above heading.

Yours faithfully



D. GLOETE
For SURVEYOR-GENERAL: WESTERN CAPE

NB: The Surveyor-General's reference must be quoted in the Notice of closure in the Official Gazette or in the advertisement in the local media.

BERGRIVIER MUNICIPALITY

**APPLICATION FOR REZONING AND CONSENT USE:
PORTIONS 6, 29 AND REMAINDER OF FARM LANGBERG
NO. 91, DIVISION PIKETBERG**

Applicant: Jan Truter (South Consulting)

Contact details: Tel: 022 913 3151, Fax: 086 518 6801,
Cell: 082 562 6740, and
E-mail: jan@southcon.co.za

Owner: Farm 91 Piketberg Pty Ltd; Chestnut Hill
Investments 50 Pty Ltd; Four Farmers Pty Ltd

Reference number: Farm 91

Property Description: Remainder of farm Langberg No. 91; Portion 6
of farm Langberg No 91; Portion 29 of farm
Langberg No 91

Physical Address: Rural, Zwaanswyk, Piket-Bo-Berg

Detailed description of proposal:

Application in terms of Section 15 of the Bergrivier Municipality: By-Law Relating to Municipal Land Use Planning for rezoning of a portion ($\pm 2747\text{m}^2$ in extent) of Remainder farm Langberg No. 91, Division Piketberg from Agriculture Zone 1 to Resort Zone 1 for tourist accommodation, and consent use in Resort Zone 1 for a tourist facility and function venue. Consent use for two additional dwelling units for guest accommodation on Remainder farm Langberg No. 91, Division Piketberg. Consent use for off-road trails on Portions 6, 29 and Remainder of farm Langberg No. 91, Division Piketberg.

Notice is hereby given in terms of Section 45 of Bergrivier Municipal By-law relating to Land Use Planning that the abovementioned application has been received and is available for inspection during weekdays between 07:30 and 16:30 from Monday to Thursday and between 7:30 and 15:30 on Fridays at this Municipality's Department Planning and Environmental Management at 134 Voortrekker Street, Velddrif, 7365. Any written comments may be addressed in terms of Section 50 of the said legislation to the Municipal Manager, Bergrivier Municipality, 13 Church Street or P.O. Box 60, Piketberg, 7320; Fax: 022 913 1406 or e-mail: bergmun@telkomsa.net on or before **13 April 2020**, quoting your name, address or contact details, interest in the application and reasons for comment. Telephonic enquiries can be made to Mr H. Vermeulen, Town and Regional Planner (West) at tel: 022 783 1112. The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date. Any person who cannot write may visit the municipal offices during office hours where a staff member of the municipality, will assist such person to transcribe that person's comments or representations.

MN51/2020

ADV HANLIE LINDE, MUNICIPAL MANAGER, Municipal Offices,
13 Church Street, PIKETBERG, 7320

6 March 2020

20109

BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

**AANSOEK OM HERSONERING EN
VERGUNNINGSGEBRUIK: GEDEELTES 6, 29 EN RESTANT
VAN PLAAS LANGBERG NR. 91, AFDELING PIKETBERG**

Applikant: Jan Truter (South Consulting)

Kontak besonderhede: Tel: 022 913 3151, Faks: 086 518 6801,
Sel: 082 562 6740, en
E-pos: jan@southcon.co.za

Eienaar: Farm 91 Piketberg Pty Ltd; Chestnut Hill
Investments 50 Pty Ltd;
Four Farmers Pty Ltd

Verwysingsnommer: Farm 91

Eiendom beskrywing: Restant van plaas Langberg Nr 91; Gedeelte 6
van plaas Langberg Nr 91; Gedeelte 29 van
plaas Langberg Nr 91.

Fisiese adres: Landelik, Zwaanswyk, Piket-Bo-Berg

Volledige beskrywing van voorstel:

Aansoek ingevolge Artikel 15 van die Bergrivier Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning om hersonering van 'n gedeelte ($\pm 2747\text{m}^2$ groot) van Restant plaas Langberg Nr. 91, Afdeling Piketberg vanaf Landbousone 1 na Oordsone 1 vir toeriste akkommodasie, en vergunningsgebruik in Oordsone 1 vir 'n toeriste fasiliteit en onthaal lokaal. Vergunningsgebruik vir twee addisionele wooneenhede vir die doeleindes van gaste akkommodasie op Restant plaas Langberg Nr. 91, Afdeling Piketberg. Vergunningsgebruik vir veldry roetes op Gedeeltes 6, 29 en Restant van Plaas Langberg Nr 91, Afdeling Piketberg.

